# Ek is so verskriklik lief vir jou

Dit was miskien soos die storie in die magazine,
waar ek maar net gekry het wat ek verdien!
en nou kan ek jou nooit weer voor my oë sien?
Want wie weet wanneer jy my weer so gaan bedien!

Dit was maar vir my net ‘n storie met ‘n ander kleur,
maar ek sit hier in afwagting voor slot en geslote deur!
Kyk of jy my eendag ooit weer so sal begeer?
want die wind en die reen kan nie my hart regeer.

Kyk of ek vir jou die weerlig in my hand kan vang,
want vir jou doen ek enige iets al is ek bang!
Prinses mooi getooi en los my hier om te verlang!
Bring ‘n bietjie liefde en kom maak lig in my donker gang!

Hoe kan jy sommer so net van my vergeet,
dis die termiete wat my gedagtes opvreet!
En jy wat maar inkruip by my ewige leed!
Die golwe se gewoel wat my emosies meet!

Copyright© 2003.11.08